**Saterdag 21 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:4 |
|---|---|

## Is ons getrou aan die Here Jesus? (4)

Wat was dan die probleem met die gemeente van Efese? Dit, dat hulle kon "nee" sê. Hulle kon sterk standpunt inneem teen die wêreld. Hulle het beslis geweier om met die wêreldse dinge te deel. Hulle het die werke van die Nikolaïete gehaat. In ons tyd sou ons die Nikolaïete waarskynlik die mense met die dubbele standaarde genoem het. Hier is 'n gevaar aan hierdie saak gekoppel, en die Efesiërs het in die slaggat geval. Hulle het naderhand "nee" gesê sonder dat dit 'n saak van die hart was.

Hulle het hulle eerste liefde verlaat, omdat hulle koud en verstandelik beredeneerd geraak het oor sake wat uit die hart moet kom. Hulle het hulle kerk verdedig en hulle het geweet wat is reg sonder dat dit vir hulle 'n saak van belewenis was. Godsdiens het 'n suiwer verstandsaak geword.

Daar is van ons wat wêreldlinge is, al stry ons hoe hard dat dit nie so is nie. Dan is daar van ons wat nie ons geloof beleef nie, wat daarmee werk soos 'n regulasieboek – koud en formeel, sonder gevoel.

Dit is wat die Efesiërs oorgekom het. Hulle het God se saak gestel en verdedig heeltemal los van God af, bloot ter wille van die saak self en nie meer vir die eer van die Here nie. Ons moet werklik die Woord van God bestudeer sodat ons kan leef in Christus wat in sy kerk beweeg.

In sy liefde vir ons het God ons voor die skepping al uitverkies. In sy liefde vir ons is hy as 'n mens op ons aarde gebore. In daardie liefde het Hy vir ons kruis toe gegaan. In daardie liefde openbaar Hy aan Johannes dat ons steeds sy eerste liefde is. Besef hierdie magtige verlossing en herdenk dit weer in hierdie feestyd.

*Sing: Psalm 18-1:14*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*